Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1390**(A)**(J14)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# OPENBARE FINANSIES N5

(21010045)

**14 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord/'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID | A | stelsel waar sentrale regerings geneig is om die ekonomiese, maatskaplike en fisiese aktiwiteite van die mense te beheer ten einde die lewens van die minder welgestelde mense te verbeter |
| 1.1.2 | Meerderheidsbesluitneming | B | behels ondersoek van finansiële rekords om te verseker dat finansiële transaksies korrek opgeteken is |
| 1.1.3 | Toerekenbaarheid | C | vermoë van een politieke groep om sy doelwitte te bereik in sy verhoudings met ander politieke groepe wat in stryd of onbestaanbaar is met die wil en wense van laasgenoemde politieke groep |
| 1.1.4 | Wetgewer | D | die tesourie het die mag om 'n spesifieke finansiële verpligting van die staat vry te stel of te verander |
| 1.1.5 | Vrystellingsfunksie ('dispensation') | E | bedrag geld wat die staat hef wanneer inwoners spesifieke openbare dienste gebruik |
| 1.1.6 | Sosialisme | F | groep verkose mense wat namens landsburgers optree en besluite neem wat die groter groep bind |
| 1.1.7 | Gebruikerheffings | G | die besluit van die meerderheid is finaal, alhoewel almal 'n reg het om aan die proses deel te neem |
| 1.1.8 | Rekeningkundige oudits | H | vorder belasting namens die staat in |
| 1.1.9 | Nie-toedeelbaar | I | elke politieke ampsdraer en openbare beampte moet in die openbaar van hulle optrede en aktiwiteite rekenskap gee |
| 1.1.10 | Politieke mag | J | kan nie in verbruikseenhede verdeel word of per eenheid voorsien word nie |

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Provinsie se billike deel van die inkomste wat nasionaal verkry word, moet stiptelik en met aftrekking aan die provinsie oorgedra word, behalwe wanneer die oordrag ingevolge artikel 216 gestaak is.

1.2.2 'n Munisipaliteit kan belastings, heffings, aksynsbelasting en bybelastings oplê.

1.2.3 Twee faktore speel 'n sleutelrol in die formulering van 'n regering se finansiële beleid, naamlik politiek en praktiese ideologie.

1.2.4 Alle aktiwiteite rakende openbare finansiële bestuur moet in die openbaar en onder die dekmantel van vertroulikheid plaasvind.

1.2.5 Die ekonomiese welvaart van 'n gemeenskap is gelyk aan die finansiële kapasiteit van die owerheid.

1.2.6 Die primêre doelwit van die Suid-Afrikaanse Reserwebank is om die waarde van die geldeenheid te beskerm in die belang van balans en volhoubare ekonomiese groei.

1.2.7 Personeeldienste bied op 'n sekretariële manier ondersteuning vir alle klerklike pligte.

1.2.8 Toelae impliseer gewoonlik dat die gewer in 'n hoër gesagsposisie as die ontvanger is en dat hy of sy op grond van geregtigheid, genade of vrygewigheid optree.

1.2.9 'n Moderne demokrasie kan hetsy in die rigting van *laissez-faire* of in die rigting van 'n meer sosialistiese benadering neig, maar in die algemeen probeer dit die individu as belangrik erken.

1.2.10 'n Kommissie moet ingevolge 'n wet van die parlement optree en moet alle tersaaklike faktore in ag neem in die uitvoering van sy funksie, insluitend dié wat in artikel 214(2) genoem word.

1.2.11 Die rekeningkundige beampte word dikwels ook die direkteur-generaal van 'n departement genoem.

1.2.12 Die finansiële behoefte ten aansien van die lewering van 'n gemiddelde standaard van diens word op grond van die gemiddelde kriterium gemeet.

1.2.13 Die militêre verdedigingsfunksie (weermag) verwys na die beskerming van die lewens van individue, gemeenskappe en privaat eiendom teen bedreigings.

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.2.14 'n Tenderraad reguleer die verkryging van enige goedere of dienste deur 'n onpartydige tenderraad.

1.2.15 Borggeld is die geld wat deur beweerde misdadigers betaal word om vrygelaat te word terwyl daar nog geen verhoor is nie. (15 × 2) (30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Noem SEWE rolle van 'n departementele finansiële beampte. (7 × 2) (14)

2.2 Noem VYF maniere om ekonomiese orde te handhaaf, wat ekonomiese welsyn en welvaart sal verseker. (5 × 2) (10)

2.3 Noem DRIE kriteria om die finansiële kapasiteit van 'n regering te bepaal. (3 × 2) (6)

2.4 Bespreek TIEN demokratiese beginsels vir openbare finansiële bestuur. (10 × 2) (20)
**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Noem SEWE finansiële funksies van die uitvoerende owerheid op sentrale- en plaaslike-regeringsvlak. (7 × 2) (14)

3.2 Gee VYF voorbeelde van staatsondernemings wat inkomste genereer, wat die regering gebruik om sy begroting te finansier. (5 × 2) (10)

3.3 Gee SES kenmerke van sosialisme. (6 × 2) (12)

3.4 Noem SEWE faktore wat die behoeftes en eise van 'n gemeenskap beïnvloed. (7 × 2) (14)
**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 4**

4.1 Brei kortliks uit oor TWEE besluitnemingstelsels waar besluite kollektief geneem word. (2 × 9) (18)

4.2 Onderskei tussen *onvoorwaardelike toelaes* en *projektoelaes*. (6 + 6) (12)

4.3 Noem en bespreek TIEN funksies van die tesourie. (10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou